

Afrikaans Siklus 9

Week 1	Week 2
Maandag (2 November)	Maandag (9 November)
Dinsdag (3 November)	Dinsdag (10 November)
Donderdag (5 November)	Donderdag (12 November)

Geagte ouers

Hierdie sal wel die laaste werk wees wat op die webblad geplaas word.

Alle werk moet asb. in 'n boek of op 'n bladsy gedoen word in lopende skrif.

Dit is elke ouer en leerder se eie verantwoordelikheid om al die werk onder die knie te kry by die huis, sodat die leerders goed voorbereid is vir die assesserings toetse.

Dankie vir julle harde werk.

Groete

Gr.3 Personeel

## Maandag (Week 1)

1. Skryf die volgende sinne oor in j ou klaswerkboek en doen die volgende:

- Onderstreep die werkwoorde in die sinne.
- Omkring die bywoorde in die sinne.
- **Onthou** om die drie vrae vir j ouself te vra: Hoe? Waar? Wanneer?

Bv. Die kinders gaan Saterdag roomys eet.

- a. Ek en Pieta het gistermiddag krieket gespeel.
- b. Die hond lê in sy hok.
- c. By my tannie se huis het ons buite gebraai.
- d. Ons hond hardloop vinnig oor die straat.
- e. My ouma en oupa gaan die naweek lekker kamp.

2. Skryf enige vyf werkwoorde neer.

- Maak dan 'n sin met elke werkwoord.
- Daar moet in elke sin 'n bywoord ook wees wat die werkwoord beskryf.

Bv. Ek eet gesonde kos soggens.

Werkwoord → eet

Bywoord → soggens

## Dinsdag (Week 1)

### **Skryf**

Doel: Ons leer hoe om 'n storie te skryf en om ons gedagtes te orden.  
(Gebeure in logiese volgorde te rangskik.)

### Hoe begin ons?

- Beplan deur na die prent te kyk wat vir jou gegee is en dan jou gedagtes neer te skryf.
- Begin deur 'n titel of 'n opskrif vir die prentjie te skryf.

- Skryf alles neer wat jy in die prente sien, byvoorbeeld: kind, dogtertjie, seuntjie huis, maats, hond, sonskyn, kat, padda, rivier, water, sambreel ensovoorts.

Kom ons vra vrae oor die prentjie.

1. Wat dink jy doen die kinders en ruimtemannetjie?
2. Wat dink jy wil die kinders/ruimtemannetjie doen?
3. Wat het voor die tyd gebeur?
4. Wat gebeur na die tyd?
5. Hoe voel die kinders/ruimtemannetjie?
6. Oop einde vrae soos: Wat dan? Wat gebeur verder?

In jou klaswerkboek:

1. Gebruik die volgende prentjie en skryf 'n storie oor dit.
  - Gebruik die vrae hierbo om jou te help.
  - Jou storie moet bestaan uit 'n titel, twee paragrawe of 10 sinne.



Titel van my storie/Naam van my storie:

---

Woorde wat ek gaan gebruik in my storie:

Inleiding:

Middel:

Einde:

Name van karakters.

---

Lees die volgende gedig

## DIE HAANTJIE

Haantjie klap sy vlerkies toe  
En sê Koeke-doedel-doe!  
Dit is tyd om op te staan:  
Kinders moet nou skool toe gaan.  
Haantjie, waarom tog so vroeg?  
Ag, ek is tog nog so moeg.  
Haantjie, stil tog asseblief  
Ek het my slaap so lief.  
Kinders, nee, dit is al laat  
Al die mense loop op straat,  
Eenmaal nog roep ek jul toe:  
Koeke-doedel-doedel-doe!

*W.H Boshoff*



Donderdag (Week 1)

Beantwoord die volgende vrae in vol sinne:

1.) Skryf al die woorde wat in die gedig rym langs mekaar neer.

Bv: toe -- koeke-doedel-doe

2.) Hoeveel versreëls is in die gedig?

3.) Trek die volgende tabel in jou boek en vul 5 woorde uit die storie uit in:


Dubbel klanke ( aa, oo, ee, uu)	Dubbel vokale (oe, ui, ei, eu)

4.) Waaroor gaan die gedig?

5.) Skryf 5 selfstandige naamwoorde uit die storie uit neer. Sorteer hulle in alfabetiese volgorde.

6.) Skryf 5 werkwoorde uit die storie uit neer. Sorteër hulle in alfabetiese volgorde.

Lees die volgende grafiek:



Maandag (Week 2)

1.) Beantwoord die volgende vrae in vol sinne.

- Waaroor dink j y gaan die grafiek?
- Watter tipe grafiek is dit?
- Wat was die keuses waarvoor die leerders kon stem?
- Watter karakter sou j y voor gestem het? Hoekom sê j y so?
- Dink j y al die leerders ken die karakters in die tabel?

f.) Hoeveel graad 1 leerders het vir Mickey Mouse en Minnie Mouse saam gestem?

g.) Watter karakter sou j y sê is die gewildste as j y kyk na die grafiek?

2.) Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae in volledige sinne.

a.) Wat word geadverteer?

b.) Waar vind dit plaas en wanneer?


c.) Hoekom dink j y het hulle nie 'n tyd in die advertensie gesit nie?

d.) Watter 'beloftes' gebruik hulle om dit aanloklik te laat klink sodat mense dit moet bywoon?

e.) Wat sou j y by die advertensie gesit het om dit meer aanloklik te maak?



Kyk na die volgende kaart:



Dinsdag (Week 2)

1.) Beantwoord die vrae in volledige sinne.

- a.) Wat is die 9 hoof provinsies van Suid-Afrika?
- b.) Rangskik die provinsies in alfabetiese volgorde.
- c.) In watter provinsie woon jy?
- d.) In watter provinsie is Kimberley?
- e.) In watter provinsie is Nelspruit?
- f.) Wat is Gauteng se hoofstad?

- g.) Deur watter 4 provinsies word Gauteng omring?
- h.) Deur watter 6 provinsies word die Vrystaat omring?
- i.) Wat is die kuslyn?
- j.) Wat is natuurlike hulpbronne?
- k.) Watter natuurlike hulpbronne kan verkry word teen die kuslyn?

### Donderdag (Week 2)

Skryf vir j ou vriend, wat oorsee woon, oor j ou wonderlike land, Suid-Afrika.

Maak gebruik van 'n breinkaart om j ou paragraaf se begin, middel en einde te beplan. Skryf dan j ou finale paragraaf mooi oor in j ou klaswerk boek. Onthou om woorde te gebruik soos byvoeglike naamwoorde en bywoorde om j ou land mooi te beskryf.

Gebruik die volgende woordblok om j ou te help.

Jan van Riebeeck	wilde diere	nywerhede
goud	diamante	boere
plase	reënboognasie	F.W de Klerk